Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, July 09, 2017
Page: 5

Maak voorsiening, want Alzheimer se siekte kán tref

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek het 'n vloedgolf van e-pos van lesers gekry ná verlede week se rubriek, "Slegs eksekuteur mag ná jou dood geld uit jou boedel trek". Die groot vraag: Hoe om vir oues van dae te sorg wat nie hul eie sake kan behartig nie?

Die vrae spruit uit my stelling dat volmag net geldig is vir so lank as wat die persoon wat die volmag gegee het, in 'n (onafhanklike, verstandelike) posisie is om dit te kanselleer.

Dit het my ook weer laat besef hoe algemeen die probleem met die versorging van veral verswakte oumense is. Ek kyk vandag na enkele riglyne.

Net eers 'n woordjie vir diegene wat nog iets aan hul eie heil kan doen. Baie oumense sit vandag in 'n benarde situasie omdat hulle nie behoorlik finansieel beplan het nie.

As hulle dan boonop iets soos alzheimersiekte opdoen, is dit die familie wat moet inspring om te help. Glo my, dit kán jou tref. Maak voorsiening.

Wat betref die lesers se vrae: As daardie persoon nie sy of haar eie sake meer kan behartig nie, is die opsies beperk en regtens eenvoudig. Jy gaan 'n kurator moet laat aanstel om na daardie persoon se belange om te sien. Die hooggeregshof, of die meester van die hof, stel 'n kurator aan. Dit kan so R40 000 kos en ek glo die kurator self sal ook betaal wil word.

Dis taamlik eenvoudig vir mense wat geld het, maar baie het dit reeds nie te breed nie. Nou spring die familie self in en iemand neem maar beheer oor. Begryplik, maar nie korrek nie.

Ek het dit met my seun Franscois, 'n regsgeleerde in ons praktyk, bespreek en hy meen dat die persoon in so 'n geval hom of haar op wat in die reg bekend staan as saakwaarneming sou kon beroep as vrae gevra word. Saakwaarneming beteken kortliks dat ek my oordeel gebruik om in goeie trou 'n saak van belang te beredder, al oortree ek die wet (my eie definisie).

Goeie trou of nie, jy loop altyd die risiko dat die een of ander burokraat jou kan takel.

Erger nog, pasop vir familie. Ek het al smerige familietwiste gesien. Dit gebeur nie net op TV se misdaadkanale nie.

Geld loop soms dikker as bloed. 'n Spul hiënas in die bos is meer genadig as familie as dit by geld kom. Dis beter om 'n kurator aan te stel.

Hoe kan jy beplan? Die vroegtydige oprig van 'n trust met die uitsluitlike doel om vir jou te sorg sou jy onbevoeg wees om na jouself om te sien, is myns insiens waarskynlik die beste, want só beheer jy jou eie lot in 'n mate.

En om te sorg vir genoeg geld om na jou te kan omsien, is 'n gevreesde-siektepolis myns insiens 'n móét vir elke mens. Wees net versigtig, nie alle polisse is dieselfde nie. Jy kan dalk vind dat jy vir alzheimersiekte gedek is net totdat jy 65 jaar oud is. Eties? Natuurlik nie. Lees eers die kontrak voordat jy na bemarkingsfoefies kyk.

'n Polis teen alzheimersiekte gee die geld vir jou versorging, maar jy kan nie self daarmee werk nie.

In dié geval sou dit goed wees as die trust reeds bestaan en jy die trust begunstig.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.